


# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Augustus 2012



Verlede, hede, toekoms

## Lees binne...

- Geduldig ween in God se lag – 1
- Oor die eer van God – 2
- As armoede 'n gesig en 'n naam kry – 4
- Hoe stap ons die pad verder? – 7

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Geduldig ween in God se lag (Dr Christo Pretorius)
- BI 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**  
Oor die eer van God
- BI 3 **Aktuele sake**  
Die onlangse geskiedenis van die NHKA  
in sosiologiese perspektief (Dr Jaco Beyers)
- BI 4 **Kerkwêreld**  
As armoede 'n gesig en 'n naam kry (Cobus van Nieuwenhuizen)  
Die CRCNA en Belhar
- BI 5 **Kerkwerf**  
Wyntrap aan die Oos-Rand (Ds Etienne Fourie)  
Versoek vir ou Bybels  
Opwindende uitreik in Delmas (Elmien Botha)  
Beroepe aanvaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**  
Die pen is magtiger as die swaard (Ds Nico Brayshaw)  
Hoe stap ons die pad verder? (Ds Larry van der Walt)  
Wat sê die lidmate? (Ds LJ Meyer en dr LJ Meyer)
- Agterblad **Oordenking**  
Jesus se lyding (Ds Annerie Conradie)

## Oor die eer van God

**Dr André Ungerer**, redakteur, skryf dat gelowiges, in navolging van die Lam van God (Jesus), die gesindheid van 'n lam moet openbaar. Johannes sien Jesus en sê: *Dáár is die Lam van God* (Joh 1: 29, 36). Jesus stuur die 72 uit soos lammers tussen die wolwe (Luk 10: 3). Die wolwe dui op die vyandige wêreld wat 'n bedreiging inhou vir die dissipels van Jesus. Om hierdie beeld te ontgin, kan bespiegel word oor mede-Christene wat die lamkarakter afgelê het en die karakter van 'n wolf aangeneem het, of – die slegste scenario – 'n wolf in skaapklere geword het. Wat dikwels in die praktyk gebeur, is dat lammers wat met medegelowige wolwe asook dié in skaapklere te doen kry, hul lamkarakter verloor en begin om kloue en slagatande te ontwikkel. Aanvalle word met teenaanvalle begroet, terwyl die *wolwelammers* van Christus mekaar byt en verskeur, en die eintlike wolwe van hierdie wêreld leedvermakerig toekyk.

Twee briëfskrywers in hierdie uitgawe se implisiete pleidooi is dat die Hervormde Kerk tog net weer haar lamkarakter moet terugvind, dat dié wat wolwe geword het weer lammers moet word, en dié in skaapklere dit om hemelsnaam net moet uittrek. Lammers moet in navolging van die Lam van God (Jesus) lammers bly en mekaar dienooreenkomstig benader en hanteer. 'n Ratel- en wolfgesindheid tussen medegelowiges is onvanpas en lei tot verskeurdheid.

\*\*\*\*\*

## Geduldig ween in God se lag

**Dr Christo Pretorius** roep die Franse Hugenote in herinnering. Die koms van hierdie vlugteling na die Kaap in 1688 sal in 2013 opnuut aandag geniet. Dit sal die Kerk die geleentheid bied om weer die verbintenis tussen die verlede, hede en toekoms na te gaan en op relevante temas te fokus. Hiervan is die ontredde en vlugteling wees in 'n vreemde land onder 'n vreemde owerheid, die trauma van verlies, die bedreiging deur groter magte en hoe 'n gelowige sy tyd en geskiedenis beoordeel, herkenbaar.

Johannes Calvyn lei alle veranderinge, alle historiese omwentelinge na die voorsienigheid van God terug. God bemoei Hom met die gebeure in die wêreld, en sy voorsienigheid sluit alle middele in. Wie God se voorsienigheid in die oog het, het tegelykertyd 'n ordenende en normerende norm vir die beskrywing en beoordeling van geskiedenis. Calvyn ken ander waardes ook aan geskiedenis toe: Dit is die ruimte waarin God se heerlikheid geopenbaar word; die middel waardeur die mens onderrig word; die totale gang van tyd en gebeure toon God se almag.

Dié opvattinge staan nie los van Calvyn se Godsbegrip nie: God is die ewige en lewende God; Hy is skeppend in die geskiedenis besig, en vanuit sy wysheid en voorsienigheid word en sal verwarrende tye en gebeure betekenis kry. En dié Godsbegrip put Calvyn uit die Skrif. Die uitleg en prediking van die boeke Job, Psalms en Daniël skenk dit, en daaruit bied Calvyn aan sy tyd die troos: Al is die geskiedenis 'n woedende see, die geloof is in die hemel geanker... al staan die gelowige soms magteloos teenoor geweldige gebeure, ons bevind ons in die Ryk van Christus – *patienter flere in Dei risu* (...geduldig ween in God se lag).

Nie net Calvyn en die Hugenote nie, maar gelowiges van alle tye en in alle omstandighede vra na die betekenis van hul tyd en gebeure. Ook die hedendaagse Suid-Afrikaanse geskiedenis kry te doen met vervreemding en oormagte: emigrasie van kinders en kleinkinders dra by tot die verlies aan familiebande, taal, kultuur en gemeenskaplikhede; die verandering van straatname, grondonteiening, demografiese wisseling, die kom en gaan van lewensbeskouings, en ekonomiese onsekerhede takel die bekende af. Hoe beskryf en beoordeel die hedendaagse gelowige dié tyd en gebeure?

\*\*\*\*\*

## Die onlangse geskiedenis van die NHKA in sosiologiese perspektief

**Dr Jaco Beyers** skryf dat die debat in die NHKA die afgelope maande in baie opsigte uniek en tog te verwagte is. Uniek in die opsig dat die Kerk nog nooit voorheen in die geskiedenis so in die openbaar met haarself debat gevoer het nie. Wat verwag is as 'n binnekamergesprek, het ontaard in 'n openbare gesprek. Die verwagtinge van hoe die debat gevoer behoort te word, en die realiteite van hoe die debat gevoer word, behoort nie as verrassend beskou te word nie. Dat die Kerk gesonde debat met haarself voorstaan, is deel van die spesifieke kerklike tradisie, en wenslik. Dit is dus geen verrassing nie. Die felheid en emosie waarmee die gesprek hoofsaaklik in die openbaar gevoer is, is net so normaal, aangesien dit tekenend is van die rol van godsdiens in die samelewing. Godsdiens is 'n sosiale fenomeen, want dit bestaan slegs op grond van openbare konsensus.

Die debat wat die afgelope tyd in die NHKA heers, wys dat die Kerk soek na antwoorde in 'n veranderende landskap. Die veelvuldige kante van die debat illustreer die verskeidenheid reaksies om sekerheid te herstel. Elke reaksie het 'n risiko, en selfs om te kies om nie te kies nie, hou risiko in. Vele lidmate kies om nie te kies nie deur die Kerk te verlaat. Dit kan gebeur dat indien sulke lidmate nie by 'n ander geloofsgemeenskap tuis kom nie, hulle kan verval in 'n alternatiewe, subjektiewe spiritualiteit waar hulle self kies wat en hoe hulle glo. Kies 'n mens om te ontvlug (inderdaad weg te vlug vanuit die realiteit) en sekerheid in ou waarhede te soek, is daar die risiko van skisofrenie wat dalk eers met gelang van tyd ervaar sal word. Sommige sal hulself dalk so oortuig van die egtheid van die hergekonstrueerde verlede dat hulle blind sal wees vir enige ander werklikheid. Kies 'n mens om te ontvlug (inderdaad te ontsnap van die beklemming van die hede) en sekerheid in nuwe geïnterpreteerde waarhede te vind, is daar die risiko van verwarring oor nuwe identiteit. Die verwarring sal ook met verloop van tyd 'n nuutgevestigde identiteit word wat sekerheid bring.

Hoe hierdie debat waaraan die Kerk deelneem gaan eindig, en of dit gaan eindig, is onseker. Die werklikheid is egter dat hierdie nie die laaste keer sal wees dat die NHKA nuut oor 'n identiteit vir die toekoms sal moet besin nie, want die toekoms is nog nie hier nie.

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

Daar is ook berigte oor **Gemeente Kempten** se wyntrapavontuur, **Gemeente Delmas** se deelname aan 'n opwindende uitreik deur al die kerke van dié dorp, 'n kleingroepbediening van **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**, en die besluit van die Christian Reformed Church in North America (CRCNA) om die **Belhar-belydenis** te erken as 'n Ekumeniese Geloofdeklarasie en nie as 'n Belydenisskrif nie. **Ds Annerie Conradie** van Culembeeck wys ons daarop dat Jesus se lyding baie meer insluit as net die kruisgebeure.